HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 117 van 2026

29 Oktober 2026

TENNIS: REËLINGS EN BELANGRIKE DATUMS VIR 2027

Geagte Randjie-ouers en -tennisspelers

Met die oog op die 2027-tennisseisoen wil ons graag die volgende belangrike inligting rakende die ranglys, daagwedstryde, toernooie en ligabepalings onder u aandag bring.

Ons sien uit na 'n suksesvolle tennisseisoen en moedig alle spelers aan om aktief deel te neem en die geleenthede wat aangebied word, ten volle te benut.

1. RANGLYS VIR 2027

Op 15 en 16 Januarie 2027 sal daar rondomtalie-wedstryde gespeel word om die ranglys van 2027 te bepaal.

Alle spelers moet hierdie naweek bywoon. Indien 'n speler nie hierdie naweek bywoon nie, sal hulle onder die laaste posisie geplaas word.

2. DAAGWEDSTRYDE

Die volgende reëlings sal vir daagwedstryde na die rondomtalie geld:

- Eerste daagwedstryd: Spelers mag enige speler op die ranglys uitdaag, ongeag hul huidige posisie.
- Daaropvolgende daagwedstryde: Spelers mag slegs spelers uitdaag wat hoogstens twee posisies bo hulle op die ranglys geplaas is.

2.1 Seuns – Wedstrydformaat

- Wedstryde word volgens die beste-uit-drie-stelle-formaat gespeel.
- Indien elke speler een stel wen, sal die derde stel deur middel van 'n 10-punt-*tiebreaker* beslis word.
- Die *tiebreaker* moet met 'n minimum verskil van twee punte gewen word.

2.2 Dogters – Wedstrydformaat

- Wedstryde word volgens die beste-uit-nege-potte-formaat gespeel.
- Indien die telling vier potte elk is (4–4), sal die negende pot deur middel van 'n 10-punt-*tiebreaker* beslis word.
- Die *tiebreak* moet met 'n minimum verskil van twee punte gewen word.

3. TENNISTOERNOOIE VIR 2027

Die volgende toernooie word vir die 2027-seisoen beplan:

Toernooi	Datum	Span
ATKV Buffelspoort Prestige	13 tot 15 Augustus	• Seuns A en B • Dogters A
ATKV Buffelspoort Hoërskole	30 Julie tot 1 Augustus	• Seuns C • Dogters B
Bethlehem	2 tot 4 September	• Seuns A en B • Dogters A

Die finale kostes van die toernooie sal aan die begin van 2027 bekendgemaak word.

Die toerspanne sal aan die einde van die eerste kwartaal gefinaliseer word, waarna verdere inligting rakende die toernooie, vervoer, verblyf en ander reëlings aan die betrokke spelers en hul ouers gekommunikeer sal word.

4. LIGABEPALINGS VIR 2027

4.1 Seuns – A-span (Premier B)

Datum	Bepaling	Plek
22 Januarie 2027	St David's A (4 vs. 2)	Weg
29 Januarie 2027	St Stithians A (1 vs. 2)	Weg
5 Februarie 2027	Opvangwedstryd	-
12 Februarie 2027	Opvangwedstryd	-
26 Februarie 2027	Uitspele	-
5 Maart 2027	Uitspele	-

4.2 Seuns – B-span (B1)

Datum	Bepaling	Plek
22 Januarie 2027	HMK E (3 vs. 6)	Tuis
29 Januarie 2027	Crawford Sandton B (3 vs. 2)	Tuis
5 Februarie 2027	Opvangwedstryd	—
12 Februarie 2027	Opvangwedstryd	—
26 Februarie 2027	Uitspele	—
5 Maart 2027	Uitspele	—

4.3 Seuns – C-span (C1)

Datum	Bepaling	Plek
18 Januarie 2027	Noordheuwel A (3 vs. 6)	Weg
25 Januarie 2027	King David LF (6 vs. 1)	Tuis
1 Februarie 2027	Opvangwedstryd	—
8 Februarie 2027	Opvangwedstryd	—
15 Februarie 2027	Uitspele	—

4.4 Dogtersliga

Die ligabepalings vir die dogterspanne moet nog bevestig word. Die volledige bepalings sal gedeel word sodra dit beskikbaar is.

5. INTERHOËR 2027

5.1 Seuns Interhoër

Die volgende Interhoër-byeenkomste word vir 2027 beplan:

Datum	Byeenkoms	Deelname
27 Februarie 2027	Junior Interhoër	Top junior spelers in graad 8 en 9
6 Maart 2027	Senior Interhoër	Top 4 spelers

5.1 Dogters Interhoër

Die interhoër vir die dogterspanne moet nog bevestig word.

Ons sien uit na 'n opwindende seisoen waarin ons spelers nie net op die tennisbaan sal groei nie, maar ook Hoërskool Randburg met trots sal verteenwoordig.

Vriendelike Randjiegroete

K. Hoogendoorn
Tennisorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof